UITGAWE 15 | JAARGANG 22 | 13 SEPTEMBER 2024

# VRY POS

LOER | LEES | LUISTER | LEER

## KONINKRYKSTYD

NG Kerk Vrystaat

# INHOUD


## 03 VRYPOS-FOKUS

VISIONERING
**Moderamen** | *"Dit is nie vir julle, maar die Vader ..."*

## 05 ARTIKELS

05 | BEDIENINGSBEGELEIDING
**VBO Netwerk** | *Neem lees ...*

06 | VENNOTE IN GETUIENIS
**Getuienisaksies** | *ISLAM: Die Pous en die Imam*

07 | ALGEMEEN
**Veels geluk met die groot 60, ds Jan Lubbe!** | *Ons leier met 'n toegewyde hart* vir die Vrystaat en die NG Kerk

08 | ALGEMEEN
**Teologiese Opleiding** | *'n Naweek van geloof, gemeenskap en groei*

## 10 VERBI DIVINI MINISTER

EREDIENS NETWERK
**Martin Laubscher** | *Die kruis was eens 'n boom*

## 11 CLARENS HERMITAGE

LEIERSKAP NETWERK | ***Bespreek vandag!***

## 13 DIS 'N RING-DING

RING VAN HEILBRON | *'n Hart vir dié in nood*

## 15 UIT DIE FAKULTEIT

FAKULTEIT TEOLOGIE EN RELIGIE (UV)
**Marlene Oosthuizen** | *Nagraadse teologiese studiegeleenthede by die Universiteit van die Vrystaat*

## 17 MEDIATEEK

BOEK EN INVENTARIS
**Barend Vos** | ***Uit die Beek 2025***
*100 jaar van genade.*
*100 jaar se getroue lesers.*

## 18 EKOLOGIE

Nasionale Parkeweek 2024 | *Ontdek die skatte van Suid-Afrika*

## 19 VERJAARSDAE

## 20 AKTUEEL ALGEMEEN

20 | Bybelgenootskap Bloemfontein
*Apologetics Conference*

22 | Advertensies

## 23 OPLEIDING

## 25 NUUSBRIEWE
## PUBLIKASIES
## BROKKIES UIT KERKBODE

## 26 WAT'S NUUS?
## KALENDER
## VAKATURES
## AFLOSLERAARS

## 27 'N LAASTE GEDAGTE

Jannie du Plessis | ***DIE KERK*** *- sal dit bly voortbestaan tot en met die Wederkoms?*

## 28 KONTAK ONS


LOER | LEES | LUISTER | LEER

## FOTO'S

Canva | Unsplash
Flickr | Pexels | Pixton
Tensy anders vermeld

## ARTIKELSKRYWERS

Jan Lubbe | Christo Weideman
Enrico Casaleggio | Mariëtte Odendaal | Ethan Kleynhans
Martin Laubscher | Marlene Oosthuizen | Jannie du Plessis
*Kerkbode* | *CLF* | TOIBO
*South African National Parks*
*Bybel-Media* | *Bybelgenootskap*

---

## KONINKRYKSTYD

'n Tyd waar ons fokus op die heerskappy en vestiging van God se koninkryk hier op aarde.

**Fil 1:27** | *Hoofsaak is dat julle lewenswandel in ooreenstemming met die evangelie van Christus moet wees. As ek dan kom, sal ek self sien, of as ek nie kan kom nie, sal ek deur berigte hoor dat julle in volkome eensgesindheid standvastig saamstry vir die geloof in die evangelie ...*

## DAGBOEK DÍT

**BUITENGEWONE SINODESITTING 2024**

3 Oktober | 09:00 - 16:00

**Kopano Nokeng**, BFN

## VOLGENDE VRYPOS

Die volgende uitgawe van *VRYPOS* verskyn op **Vrydag 11 Oktober**.

Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

# REDAKTEUR


## BYDRAES EN NAVRAE

cmclean@ngkvs.co.za

# CELICIA MCLEAN

ngkerkvrystaat.co.za






Foto: Canva

# "Dit is nie vir julle, **maar die Vader ...**"

*Deur ds Jan Lubbe*

Dit was weer 'n Maandag in Augustus, halfpad deur ons termyn as Moderamen en die nuus rondom die tafel van hoe dit in klein gemeentes gaan, hoe groot die veldbrande hierdie seisoen is, wat in ringe gebeur, waar daar kermis gehou word, kollegas wat beroep is en nuwes bevestig is, baba's wat in die gesinne van leraars aangekom het, kinders wat matriekeksamen skryf, nog een wat emigreer, 'n eggenote wat gesond geword het ... Ons het in Kroonstad vergader; dalk een van die heel belangrikste vergaderings van hierdie termyn tussen 2022 en 2026.

Dr Dawie Botes, ondervoorsitter van die Moderamen, het die vergadering geopen, pas terug van sy besoek aan die Reformed Church in Zambia, ons "dogterkerk" wat lankal mondig en selfstandig geword het; vanjaar 125 jaar oud. Dawie was aangegryp deur hierdie besoek, soveel te meer omdat sy eie familie lank in die sendingvelde betrokke was.

Hy't vir ons foto's kom wys van die mense daar; drie videotjies van hul gemeentesang. Maar hy't veral vir ons die Skrif kom oopmaak en ons gevra oor die "location pin" (die plekspeldjie) van ons roeping: Handelinge 1. Die dissipels se vraag: *"Here, gaan U in hierdie tyd die koninkryk vir Israel weer oprig?"*

In baie van ons leef hierdie vraag tans, enkele weke vóór die Buitengewone Sinode van 3 Oktober 2024. Dit het dan ook tydens die moderamenvergadering die meeste van ons tyd in beslag geneem – dié deurpraat van 'n agenda vir 3 Oktober. Om seker te maak alle inligting word ingesluit, die beskrywingspunte volledig opgeneem, keuses vereenvoudig, prosesse verduidelik, welwillendheid gesoek. Want ons almal is diep onder die indruk van hoe deurslaggewend die besluite wat ons moet neem, vir die NG Kerk in die Vrystaat kan wees; vir gemeentes, vir leraars, vir ons roeping.

**Lees meer** »

NG Kerk
Vrystaat

Lig in die duisternis, hier vir God, mekaar en die wêreld

# BUITENGEWONE SINODESITTING AGENDA

**"Skenk ons dié wysheid van bo, Here"**

(Jakobus 1:5 & 3:17-18)

3 Oktober 2024

# neem *lees* ...

**VBO Netwerk**
*Deur ds Christo Weideman*



***Foto:*** *Dr Bertus probeer met mag en mening een van die boute loskry, terwyl ds Christo sterk ondersteuning bied ... (verskaf).*

## ***Neem lees*** *... die Kerkorde*

## ***Neem lees*** *... die Bybel*

## ***Neem lees*** *... die Koerant/Nuus*

Dit was die volgorde waarin die temas van die afgelope VBO-kursus by Moolmanshoek plaasgevind het ... en tong-in-die-kies is daar gespot en gesê dis mos die volgorde waarin die STK-voorsitter se boeke op sy lessenaar lê!

Dit was voorwaar 'n verrykende paar dae vir die bykans 50 predikante wat dit bygewoon het.

Die hele geleentheid moes maar geduldig wag vir die STK-aanbieders om op te daag nadat die grondpad sy tol geëis het en ons met 'n pap band gaan staan het. Die foto dien as bewys van hoe STK-lede hard kan saamwerk ...!

Dr Bertus Celliers het die werkswinkel afgeskop met 'n inleiding tot die Kerkorde, asook deur die groep te laat droom oor hoe 'n ideale ringsitting behoort te lyk. Die konsepdokument – Handevat Gemeentes – is ook kortliks met die groep gedeel. Ringe gaan in dié verband 'n al hoe groter rol speel.

**Lees meer »**

**Getuienisaksies**
*Deur dr Enrico Casaleggio*

# ISLAM

## *DIE POUS EN DIE IMAM*

Hoewel hierdie artikel streng gesproke nie hoort by die lys van apologetiese gesprekke waarna ons die afgelope tyd gekyk het nie, handel dit tog oor een van die heel belangrikste gesprekke wat in 'n lang tyd tussen Christene en Moslems gevoer is. Ons kyk na Pous Franciskus se onlangse besoek aan Indonesië en sy gesprek met Nasaruddin Umar, die hoof-Imam van Jakarta se Istiqlal-moskee. Indonesië is die land met die grootste getal Moslems as deel van hulle bevolking. Hierdie ontmoeting was dus 'n gesprek tussen die Pous, die leier van die grootste Christelike denominasie (die Rooms Katolieke Kerk), en die hoof-Imam van die land met die meeste Moslems.

In 'n berig[1] op Al Jazeera op 5 September 2024, *Pope Francis and Indonesia imam call for unity against religious violence*, word gesê dat dié twee godsdienstige leiers 'n gesamentlike verklaring uitgereik het waarin hulle vra vir godsdienstige harmonie ter wille van die mensdom. Hulle doen daarin ook 'n oproep tot vriendskap tussen gelowe, 'n veroordeling van godsdienstige geweld en 'n gesamentlike poging om die planeet te bewaar.

Die berig lui verder: *"Opening his speech at the mosque, Francis emphasised the commonality of religions, stating that "by looking deeply ... we discover that we are all brothers, all pilgrims, all on our way to God, beyond what differentiates us."*

Objektief gesproke sou 'n mens nie kon fout vind met die boodskap van die Pous nie. Hy sou seker ook op 'n diplomatiese manier gemene grond probeer soek het. Die feit van die saak is egter dat, godsdienstig gesproke, daar meer verskille tussen Christene en Moslems is as wat daar ooreenkomste is. Ons kan ook maar net wonder, teen die agtergrond dat 'n pelgrimstog (oftewel Hadj) een van die vyf pilare van Islam is, hoe Moslems sy opmerking sou interpreteer dat ons álmal op 'n pelgrimstog op pad na God is.

Die Istiqlal-moskee is oorkant Jakarta se katedraal geleë, verbind deur 'n "tonnel van vriendskap" as 'n simbool van godsdienstige broederskap.

**Lees meer »**

[1] *https://www.aljazeera.com/news/2024/9/5/pope-and-imam-unite-against-religious-violence-at-jakarta-mosque*

*Hierdie **reeks Islam-artikels** het 'n eiesoortige aanslag. Dit kom uit 'n apologetiese hoek en die reeks sal uiteindelik uitkom by 'n antwoord op verskillende vrae wat Moslems vra, byvoorbeeld oor die Godheid van Jesus.*
*Hierdie artikel is ietwat anders as die reeks se artikels tot dusver en sluit aan by die Pous se besoek aan Indonesië.*

# **Veels geluk** met die **groot 60**, ds Jan Lubbe!

## *Ons leier met **'n toegewyde hart** vir die Vrystaat en die NG Kerk*

**Algemeen**
*Deur Mariëtte Odendaal*

In hierdie uitdagende tye is die rol van ons kerkleiers belangriker as ooit tevore. Hulle wys die weg na 'n hoër roeping aan – 'n lewe van hoop, liefde en onwrikbare geloof in 'n wêreld wat smag na rigting en stabiliteit. Hulle is ons geestelike gidse wat help om 'n pad van integriteit, geloof en deernis te baan.

In die NG Kerk is ons gelukkig om ds Jan Lubbe as moderator van beide die NG Kerk Sinode Vrystaat en ons Algemene Sinode te hê; iemand wat deur al bogenoemde eienskappe gekenmerk word, aldus die mense wat daagliks met hom saamwerk. Dit is dus met groot dankbaarheid dat ons hom met sy sestigste verjaarsdag gelukwens.

### Wense uit die kantoor van die Algemene Sinode

Dr Nioma Venter, algemene sekretaris van die NG Kerk, laat weet: "'n Boodskap van opregte gelukwense en seënbede aan ds Jan Lubbe met sy 60ste verjaarsdag. "Uit die kantoor van die Algemene Sinode bid ons na aanleiding van Numeri 6:24-26 dat die Here sy goedheid oor Jan sal gebied. Ons bid vir God se beskerming, dat Hy met deernis na Jan sal kyk, ag sal slaan op sy gebede, en dat Hy Jan met diep innerlike vrede sal seën.

**Lees meer** »



# ’n Naweek van geloof, gemeenskap en groei

*“... studente se **unieke roeping** en die pad wat elkeen stap.”*

*Teologiese Opleiding*
*Deur Ethan Kleynhans*

***Efesiërs 4:11-12:** “En Hy het sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, en ander as herders en leraars gegee, om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, om die liggaam van Christus op te bou.”*

Die seminariumstudente van die NG Kerk Vrystaat is genooi om hul gejaagde universiteitslewe vir ’n oomblik opsy te sit en tyd te maak vir selfrefleksie en geloofsgroei. Op 16 Augustus het die studente bymekaargekom vir 'n besondere retreat, waar hulle die kans gehad het om sterker bande met mede-gelowiges te vorm, geestelike vernuwing te ervaar en waardevolle kerklike opleiding te ontvang.

Die Retreat vir Alle Jare is ’n geleentheid waar verskeie temas aan die orde kom en die seminariumstudente van die NG Kerk begelei word in hul reis na die amp van leraar. Dit vorm 'n belangrike deel van hul bedienings-ontwikkeling. Georganiseer en aangebied deur die seminariumbestuurder en steunspan, het die retreat plaasgevind op Menuha, 'n plek waar die stilte en rustigheid van die natuur elkeen se hart sagkens omvou.

**Dag 1:** By aankoms op Menuha was dit onmiddellik duidelik hoe opgewonde die toekomstige leraars van die kerk was. Die atmosfeer was lig en vreugdevol soos die studente begin het om te ontspan ná die drukte van die stad.



***Foto:** Die seminariumstudente (verskaf)*



***Foto:** Menuha (verskaf)*

Lees meer »

Kaartjies beskikbaar by:
https://www.quicket.co.za/organisers/55878-toyota-us-woordfees

**30 September - 4 Oktober**
**11:00 - 12:00**
**Kapel, Fakulteit Teologie, Noordwalwes 2**


VYF UNIEKE aanbiedings met beeld, geur en klank!

# Stemme uit die verlede: Verhale opgesluit in die Kerkargiewe

Ontdek verhale uit die verlede wat ons vandag nog raak: van vroue en kinders, kerkmanne en krygers, kos en kleingeld, kerkmusiek en volksliedjies, familieregisters en -briewe.

- 30 September - Familiegeskiedenis
- 1 Oktober - A Sqaure Meal & Pioniersendingkosstories
- 2 Oktober - Veldpredikers
- 3 Oktober - Andrew Murray: Untold story of a vulnerable father
- 4 Oktober - De Kinderharp, Hallelujas en Afrika-tromme

linktr.ee/argiefstories



TOYOTA
STELLENBOSCH
WOORDFEES



# DIE KRUIS WAS *eens 'n boom*

*Deur **dr Martin Laubscher**, Erediens Netwerk*

Dit is September, begin van die lente, en ons besing die seisoen van die skepping. Lente-lofprysings weergalm oral in gemeentes, want ons vingers is mos groen soos dit jeuk waar dit immers moet. Daar is lewe en groei, en dit stimuleer ons sintuie. Die Botaniese Tuin in ons stad is 'n lushof soos kinders baljaar en speel, want winter is verby en die somer kom. Wonderlik, ons bloed het sommer nou nog 'n ander skakering van groen (en goud, goedheid en guns) bygekry. En tog, stadig oor die klippe, want *"Om hierdie wêreld as God se skepping te sien"* is, volgens Ernst Conradie se nuwe boek, *Kontra-intuïtief* (2023, Bybel-Media), *'n Gevaarlike én verbysterende belydenis.*

Een van die sterk aksente in die teks is beslis die fyn aanvoeling vir trinitariese taal in ons nadenke oor die skepping. Nóg skepping, nóg verlossing, nóg voleinding, kan of wil man-alleen sonder enige van die ander. Die kruis se Eksodus het 'n besliste Genesis, en dit dui op sowel God se toekoms as ons toekoms. God se Advent kom ons oop-en-toe openlik tegemoet. Ons bestemming is vol belofte!

Gedagtig aan die gebeure van die agtste dag weet ons tog die Sabbat is voorwaar die eintlike kroon van die skepping. Genesis en Eksodus (en die nuwe stad met al die volke daarin tuis) staan langs mekaar in meer as een sin, en ons kan onsself en die res van die skepping oorgee aan die "perichoretiese" orde. Elke (boom)huis het immers sy kruis, want die kruis was tog eens 'n boom.

Skeppingsteologie en al die skynbare "wet en orde" wat dit in ons samelewings sou meebring, het al vir baie pyn en lyding deur die eeue gesorg. Versigtig Pappie, want hier is beslis meer vrae as antwoorde om mee te worstel.



***Foto:*** *Dr Martin Laubscher (verskaf)*

**Lees meer »**

# CLARENS HERMITAGE

## LEIERSKAP NETWERK




**Ds Jan Venter** | Leierskap Netwerk

"Clarens se weergalose stilte omvou 'n mens in die nag sodat die dag se ervarings diep gebêre word en 'n mens se siel kan rus."

PSALM 34:8 "TASTE AND SEE THAT THE LORD IS GOOD; BLESSED IS THE ONE WHO TAKES REFUGE IN HIM."

Clarens HERMITAGE

her·mit·age | 'hər-mə-tij

A place or period of seclusion.

**Bespreek »**


| | |
|---|---|
| **22 - 26** | **SEPTEMBER** |
| **20 - 24** | **OKTOBER** |
| **24 - 28** | **NOVEMBER** |

BEDIENINGSBEGELEIDING




# Barend Wessels
## Gedenksentrum







# MEENTHUISE **TE HUUR**

**Barend Wessels Gedenksentrum** is 'n behuisingskompleks in Bloemfontein wat uit meenthuise bestaan en is sentraal geleë naby winkelsentrums. Dié meenthuis-kompleks is nie 'n aftree-oord nie en ook nie diere-vriendelik nie.

### HUURBEDRAG

**R7,615** / MAAND

### MEENTHUIS SE LIGGING

NP van Wyk Louwstraat,
Langenhovenpark, BFN, 9301

### KENMERKE

- 2 Slaapkamers
- 1 Badkamer
- 1 Motorhuis
- 110 m²

**KONTAK ONS VIR MEER INLIGTING** ngkerkvrystaat.co.za ontvangs@ngkvs.co.za (051) 406 6700

# ’n Hart vir dié in nood

## RING VAN HEILBRON




*Deur **Mariëtte Odendaal***

R*inge in samewerking met **Sinodale Bedieninge***

*“Deur projekte aan te wakker, raak gemeentes bewus van nuwe moontlikhede en word hulle op 'n positiewe manier gemotiveer om betrokke te raak by die groter prentjie van die Koninkryk van God, eerder as om net na binne gefokus te wees.”*

***Ds Gerrit Strydom***
*Skriba: Ring van Heilbron*

In die 2023/24-boekjaar het die NG Kerk Vrystaat R30 000 aan elkeen van hul 15 ringe beskikbaar gestel om gesamentlike ringsprojekte te ondersteun. Die fondse moes in samewerking met 'n sinodale bediening aangewend word. “Die Ring van Heilbron het saamgewerk met die sinodale bedienings Diens van Barmhartigheid en Bedieningsbegeleiding,” vertel ds Gerrit Strydom, skriba van die Ring van Heilbron.

**Ons het by ds Strydom gaan uitvind hoe die fondse tot voordeel van die gemeentes in hul ring aangewend is.**

Hy vertel: “Tydens die uitbetaling van die fondse is teologiestudent J. Heymans genomineer as jeuglid vir die **Wêreldraad van Kerke** (WRK).

Ons het besluit om, onder die vaandel van Bedieningsbegeleiding, 'n deel van die fondse aan hom toe te ken om sy aanvanklike uitgawes te dek. Dit was 'n goeie belegging, aangesien Jacques nou as voorsitter van die WRK Jeugkommissie dien en 'n ambassadeur vir die NG Kerk is. Hy maak ook 'n beduidende bydrae hier in Suid-Afrika.

“Die ringsgemeentes het ook verskeie projekte aangepak. Gemeentes soos Reitz en Reitz-Wes het by plaaslike ouetehuise betrokke geraak. Nadat die kombuise opgeknap is, het ons 'n heerlike Lentedagbraai vir al die inwoners gereël. “Die NG Kerk Petrus Steyn het hul winterbarmhartigheidsprojek uitgebrei deur sop aan die gemeenskap te verkoop.

**Lees meer** »

MOOIGENOEG

TIENERKAMP



# AFGESTEL

## GRAAD 8-12 KAMP

**21 -26 September 2024**

Retief Kampterrein net buite Bloemfontein

THEOLOGY AND RELIGION
TEOLOGIE EN RELIGIE

Nagraadse Studies

# Nagraadse teologiese studiegeleenthede

*Inspiring excellence. Transforming lives.*



**Ds Marlene Oosthuizen**
*Program-direkteur, Fakulteit Teologie en Religie, UV*

VISION 130 Renew and Reimagine for 2034 | UNIVERSITY OF THE FREE STATE UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT YUNIVESITHI YA FREISTATA | UFS THEOLOGY AND RELIGION

**Nagraadse studie in teologie** bied jou die geleentheid om jou kennis en vaardighede in 'n spesialiteitsveld betekenisvol te verdiep. Hierdie gevorderde vlak van opleiding dien as 'n katalisator vir professionele, persoonlike en geestelike groei, wat ook 'n impak het op jou loopbaan en die gemeenskappe wat jy bedien.

Teologiese studie speel 'n onmisbare rol in vandag se samelewing vir die verdieping en verbreding van die *Missio Dei* in die lig van komplekse sosiale uitdagings en geleenthede. Nuwe uitdagings vereis nuwe insigte en leierskap om vasberade en volhoubaar aandag te gee aan die geestelike welstand van lidmate en gemeenskappe, die bevegting van onreg, die versorging van die armes en die bestuur van natuurlike hulpbronne. In 'n tyd van ongekende tegnologiese ontwikkeling is die verkenning van etiese raamwerke vanuit 'n Christelike perspektief nodig om met nuwe insig uiting te gee aan die profetiese stem van die kerk.

Behalwe die bevrediging en vervulling van 'n diepgaande leerproses, kan nagraadse studie jou professionele netwerk uitbrei tot die versterking van jou loopbaan. Dit vereis toewyding en harde werk, maar die voordele – beide professioneel en persoonlik – is beduidend en 'n mylpaal wat met trots gevier kan word. Vir gegradueerdes (baccalaureusgraad) sonder vorige teologiese opleiding bied die Fakulteit van Teologie en Religie van die Universiteit van die Vrystaat die geleentheid om die gebied van teologiese studie te betree deur die Nagraadse Diploma in Teologie. As jy 'n leier is in jou kerk en na dieper teologiese onderskeiding en bedieningsvaardighede soek, is hierdie die regte kwalifikasie vir jou.

Daar is ook in 2025 'n nuwe inname in die teologiese meestersgraad in spiritualiteit as jy belangstel in 'n dieper ervaring van jou geloof en dissipelskap. Of, as jy 'n agtergrond in die grondtale het, kan jy ook dink aan die meestersgraad in Bybelvertaling. Verder bied die fakulteit ook spesialisasies aan in Ou Testament, Nuwe Testament, Nuwe Testamentiese Grieks en Vroeë Christelike Literatuur, Kerkgeskiedenis, Sistematiese Teologie, Praktiese en Missionale Teologie, Pastorale Teologie en Praxis, en ook Religieuse Studies.

Aansoeke vir nagraadse studie sluit op 31 Oktober 2024. Kontak gerus vir Palesa Pholo by **PholoPG@ufs.ac.za** indien jy meer inliging wil hê oor die toelatingsvereistes, of raadpleeg die **Reëlboek** op die fakulteit se webtuiste.

**Lees hier »**

# FACULTY OF THEOLOGY AND RELIGION

# POSTGRADUATE PROGRAMMES

## POSTGRADUATE DIPLOMA IN THEOLOGY (PGDip):

The Postgraduate Diploma in Theology is multidisciplinary and serves to develop the student's knowledge in theology, with a high degree of focus on contextual interaction and ministerial skills. Students with previous theological training are welcome to apply for admission to sharpen their ministry skills, as well as students from other disciplinary fields who are interested in entering the ministry or strengthening ministerial leadership positions in the church.

- *Postgraduate Diploma in Theology*

DURATION Full time One year | DURATION Part time Two years | Credits 128

## BACHELOR OF THEOLOGY HONOURS DEGREE (BThHons) WITH SPECIALISATION IN:

The Bachelor of Theology Honours is a postgraduate specialisation programme. It serves to consolidate and expand the student's expertise in a particular theological discipline and to develop her/his research capacity in the methodology, theory, and techniques of the discipline. This qualification demands a high level of theoretical engagement and intellectual independence and includes supervised research.

- *Religion Studies*
- *Practical and Missional Theology*
- *Systematic Theology*
- *Church History and Polity*
- *New Testament*
- *New Testament Greek and Early Christian Literature*
- *Old Testament*

DURATION Full time One year | DURATION Part time Two years | Credits 128

## MASTER OF THEOLOGY (MThh) DEGREE BY COURSEWORK WITH SPECIALISATION IN:

- *Religion Studies*
- *Church History and Polity*
- *Old Testament*
- *New Testament*
- *Practical and Missional Theology*
- *Systematic Theology*

DURATION Full time One year | DURATION Part time Two years | Credits 180

- *Pastoral Theology and Praxis*
- *Spirituality*

DURATION Full time Two years | DURATION Part time Two years | Credits 180

## MASTER OF ARTS IN BIBLE TRANSLATION (MA Bible Translation) DEGREE BY COURSEWORK:

The Master of Arts (Bible Translation) degree maintains a high level of proficiency and aims to train individuals to translate the Bible effectively. The degree offers complex knowledge in the fields of translation theory and linguistics.

- *Master of Arts in Bible Translation*

DURATION Full time One year | DURATION Part time Two years | Credits 180

## MASTER OF ARTS IN BIBLE TRANSLATION MANAGEMENT (MABibleTranslationManagement) DEGREE BY COURSEWORK:

The Master of Arts (Bible Translation Management) degree maintains a high level of proficiency and aims to train individuals to effectively manage the process of Bible translation.

- *Master of Arts in Bible Translation Management*

DURATION Full time One year | DURATION Part time Two years | Credits 180

## MASTER OF THEOLOGY (MTh) DEGREE BY DISSERTATION ONLY, WITH SPECIALISATION IN:

- *Religion Studies*
- *Systematic Theology*
- *Missiology*
- *Church History and Polity*
- *New Testament*
- *Practical Theology*
- *Old Testament*
- *New Testament Greek and Early Christian Literature*

DURATION Full time One year | DURATION Part time Two years | Credits 180

## DOCTOR OF PHILOSOPHY (PhD) DEGREE IN THEOLOGY WITH SPECIALISATION IN:

- *Missiology*
- *Spirituality*
- *Religion Studies*
- *Old Testament*
- *Church History and Polity*
- *Practical Theology*
- *Bible Translation*
- *New Testament*
- *Systematic Theology*
- *New Testament Greek and Early Christian Literature*

DURATION Full time Two year | DURATION Part time Four years | Credits 180

## SHORT LEARNING PROGRAMMES (SLP) OFFERED IN THE SHEPHERD CENTRE:

Enquiries: Ms Sinovuyo Mogwasi: T: +26 51 401 9254 | E: shepherd@ufs.ac.za

| SHORT LEARNING PROGRAMME | DURATION OF SLP | REQUIREMENTS |
|---|---|---|
| Christian leadership in contemporary context | 8 weeks | English language skills<br>Basic computer skills<br>Access to a computer and the internet |
| Effective Bible teaching to children | 8 weeks | English language skills<br>Basic computer skills<br>Access to a computer and the internet |
| Introduction to the Bible | 8 weeks | Senior Certificate / National Senior Certificate |
| Christian ritual as a verbal and non-verbal phenomenon | 12 weeks | Senior Certificate / National Senior Certificate |
| Practical Theology in a fast-changing environment | 12 weeks | Senior Certificate / National Senior Certificate |
| Burial rites in the African context | 12 weeks | Senior Certificate / National Senior Certificate |
| Interpreting the bible: A historical overview and a practical execution | 12 weeks | NQF Level 5 qualification and two years of ministry experience |
| Providence and financial planning for pastors | 12 weeks | Grade 12 and Completion of the Introduction to the Bible SLP (TBIB1502S) |


# Uit die Beek 2025

## *100 jaar van genade. 100 jaar se getroue lesers.*

**Barend Vos (Skrywer)**


*AFRIKAANS / NB UITGEWERS / LUX VERBI*

"U genade is vir ons genoeg." Dit was nog altyd die belydenis van opeenvolgende geslagte *Uit die Beek*-lesers. *Uit die Beek* gee daaglikse geestelike leiding en inspirasie aan gelowiges, tog bly dit vars en relevant. Hierdie feesuitgawe is geskik vir persoonlike stiltetyd, huisgodsdiens én Bybelstudiegroepe. Vanjaar kom dit weer uit die pen van bekroonde skrywer en predikant Barend Vos. In 2025 vertoef ons by elke Bybelboek, terwyl ons steeds groot momente in die kerkkalender, soos Lydenstyd en die Pase, Pinkster, Koninkrykstyd en Advent in ag neem.




**SKRYWER**

Dr Barend Vos is 'n bekende Christenskrywer en predikant. Hy is bekroon met 'n ATKV-veertjie vir een van sy *LiG-stories*. Hy het al verskeie boeke uitgegee: Van dagstukkies tot fiksie en romans met die Bybelse gegewe as agtergrond. Hy wen in 2001 die CBSA-prys vir fiksie vir *Eksodus* en in 2016 die Andrew Murray-prys vir *Ewigheid in my hart*.




Bybel-Media

***Oorgeneem uit***
*bybelmedia.org.za*

## MEDIATEEK **INVENTARIS**

Loer gerus na die volledige inventaris van die NG Kerk Vrystaat Mediateek, Sinodale Kantoor

Navrae | **Anelia van den Blink**
**(051) 406 6700** of **kuratorium@ngkvs.co.za**




## Nasionale Parkeweek 2024

***Oorgeneem uit** © 2024 South African National Parks™*

Elke jaar sedert 2006 bied Suid-Afrikaanse Nasionale Parke (***SANParks***) aan inwoners die unieke geleentheid om ons land se natuurlike skatte gratis te ervaar tydens Nasionale Parkeweek. In 2024 vind dié opwindende geleentheid plaas by die Marakele Nasionale Park om die 19de jaarlikse SA Nasionale Parkeweek te vier vanaf **8 tot 15 September**. Dit bied toegang tot 21 van die land se mees ikoniese parke – 'n kans vir almal om die ongerepte natuur van naderby te beleef.

**Wat is Nasionale Parkeweek?**

Nasionale Parkeweek is in 2006 deur SANParks geloods om ’n gevoel van trots te kweek en groter bewustheid te skep van die belangrikheid van bewaringsgebiede en om die Suid-Afrikaanse publiek aan te moedig om hul nasionale erfenis te besoek en te waardeer. Die week bied gratis toegang tot nasionale parke vir Suid-Afrikaners, met die uitsondering van sekere aktiwiteite soos wildritte, kamp en toegang tot privaat-bestuurde oorde.

South African NATIONAL PARKS

Lees meer »

# VERJAARSDAE



VEELS *geluk*

NG Kerk Vrystaat

## SEPTEMBER

Ds Dries Cronjé
**VILJOENSKROON**
**15**

Ds George Whitehead
**HOSPITAALPARK**
**20**

Ds George Deysel
**WINBURG**
**21**

**21**
Ds Hennie Hattingh
**KOPPIES**

**26**
Mev Girly Seyoko
**SINODALE KANTOOR**

**27**
Ds Christo Weideman
**KROONHEUWEL-NOORD**

## OKTOBER

Ds John Jackson
**FRANKFORT**
**02**

Ds Jannie Smith
**DE BLOEM**
**03**

Prof Laetus Lategan
**BLOEMHEUWEL**
**08**

**09**
Ds Willem Burger
**SASOLBURG-FAKKEL**

**09**
Ds Frans Steenkamp
**WARDEN**

**09**
Ds Pieter Prinsloo
**SASOLBURG-TUINEDAL**

**WENSE VAN VOORSPOED, GOD SE SEËNINGE EN GENADE VIR DIE NUWE LEWENSJAAR**




**For enquiries, contact**
**Linda** at 051-4445980 or bfnreg@biblesociety.co.za

# Op soek na aanlyn hulpbronne vir kategese?

Ons Jeugfokus & Kategese-reeks is aanlyn beskikbaar op missio.org.za




**www.missio.org.za**



## Kerkbode se nuwe interaktiewe dagboek

'n Digitale megafoon om mense te vertel van jou geleentheid!

kerkbode

**Só werk dit** | Basaar, jeugfees of musiekaand - jy kan dit self op Kerkbode se interaktiewe kalender sit.

**01**

### BESOEK KERKBODE SE TUISBLAD

Gaan op Kerkbode se tuisblad (www.kerkbode.co.za) en kliek op "Deel jou dagboek hier!

Deel jou dagboek hier!

Kerkbode: 1 miljoen klieks per jaar

**02**

### KIES DIE OPSIE 'LAAI JOU GEBEURTENIS OP'

Laai jou gebeurtenis op

Ons wil graag hoor hoe jy Kerkbode se nuwe interaktiewe kalender ervaar. Deel asseblief jou terugvoer

Gebeure

Bekyk Kalender

Soek gebeurtenis

Sleutelwoorde...

Kies provinsie...

**03**

### VOLG DIE INSTRUKSIES NOUKEURIG

Laai jou gebeurtenis op

Jou naam *

Jou e-posadres *

Naam van gebeurtenis *

Hoofillustrasie (of banier)

Choose file No file chosen

Maximum file size: 5 MB

Beskryf kortliks wat gebeur

**04**

### DRUK STUUR EN SIEDAAR

Jou advertensie is sigbaar voor Kerkbode se aanlyngehoor as gratis toevoeging tot alle bemarking wat julle self beplan vir die belangrike dag.

Gebeure

Soek gebeurtenis




**Besoek www.kerkbode.co.za en volg hierdie vier maklike stappe.**




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »





Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE



## LENTE-KONFERENSIE 2024

17 - 19 September

30 VBO-punte

*Lig soos 'n veer op die Asem van God ...*

Lees meer +

**Registreer** +



## HOE HANTEER ONS JEUGWERK?

8 - 10 Oktober

30 VBO-punte

Aanlyn webinaar vir leraars en leiers R250 p/persoon

Lees meer +

**Registreer** +




## NEURO-DIVERSITEIT WEBINAAR

9 Oktober

Woensdag 09:00

Gratis Zoom-webinaar Lorindi Nel

Lees meer +

**Registreer** +



## BEDIENINGS-DIAGNOSE WERKSWINKEL

4 - 6 November

20 VBO-punte

Sluit: 25 Oktober Kursusleier Prof Malan Nel

Lees meer +

**Registreer** +

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE




## BRUGBEDIENING UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

4 - 7 November

70 VBO-punte

Week 1
Kursusleier
Prof Malan Nel

Lees meer +
**Registreer** +




## KURSUS: ANGS AS DIE NUWE 'DEPRESSIE'

12 November

5 VBO-punte

Zoom-aanbieding
Prof Wentzel
Coetzer

Lees meer +
**Registreer** +



## JAARKURSUS KINDERS EN JONGMENSE

Pastorale Sorg

55 VBO-punte

Aanlyn kursus
Prof Wentzel
Coetzer

Lees meer +
**Registreer** +




## ALFA PASTORALE OPLEIDING

2025

120 VBO-punte

Slegs 30 studente
word per jaar
gekeur

Lees meer +
**Registreer** +

# NUUSBRIEWE EN PUBLIKASIES

NUUSBRIEWE | PUBLIKASIES | BROKKIES UIT KERKBODE

Loer hier na ander sinodalestreke se nuus

Bybel-Media




**Publikasie**

*Die geskenk*

*Oorgeneem uit bybelmedia.org.za*




**Publikasie**

*Psalms vir kleingoed*

*Oorgeneem uit bybelmedia.org.za*




**Publikasie**

*Onbeskryflike genade*

*Oorgeneem uit bybelmedia.org.za*

## BROKKIES UIT kerkbode

**Dominees pen mense-stories neer as 'n naby-kykie op 'bakengemeentes' by Slypskool vir Skrywers 2024**

*Kerkbode / 10 September 2024 / Reekse*

**Sy is veilig | Mensehandel: Die wreedheid onder ons neus**

*Kerkbode / 4 September 2024 / Boeke*
*Rethie van Niekerk*

**Ons kan uit die hok van armoede ontsnap | Braam Hanekom wil verbeelding aanwakker rondom oplossings vir armoede**

*Kerkbode / 4 September 2024 / Boeke*
*Scherlize van der Merwe*

PODSENDING | Kollig Episode 28
**'Ek ervaar God in die natuur' – Leraar wat 175 km hardloop om storie oor Kerkbode te help vertel**

*Kerkbode / 6 September 2024 / Luister*

ELDERS GESIEN
**Oud-generaal se dood met hartseer ontvang**

*Kerkbode / 4 September 2024 / Nuus*
*Heléne Meissenheimer*

**Excelsus-hoof is Hoëveld Sinode se nuwe moderator**

*Kerkbode / 30 Augustus 2024 / Nuus*

# WAT'S NUUS?

KALENDER | VAKATURES | AFLOSLERAARS | PREDIKANTENUUS

NUUT

**GEMEENTE**GEBEURE

**Kalender** | Belangrike datums

**2024**

**ADVERTEER AANLYN** HIER

of stuur 'n e-pos aan skakel@ngkvs.co.za

NUUT

kerkbode

**Kalender** | Interaktiewe Dagboek

NUUT

VAKATURES

NG Kerk Vrystaat

skakel@ngkvs.co.za | **051 406 6700**

VAKATURES

kerkbode

woes@mweb.co.za | **023 342 6030**

AFLOS

NG Kerk

skakel@ngkvs.co.za | **051 406 6700**

# Predikantenuus | VRYSTAAT

**BEVESTIGING**

**Ds Rheinier Nel** van NG Gemeente Barkly-Oos is op 'n kerkraadsvergadering op 11 Junie 2024 na die NG Gemeente Bethulie beroep. Hy het die beroep aanvaar en sy bevestiging vind DV op 14 September 2024 by NG Gemeente Bethulie plaas.

# **DIE KERK** - *sal dit bly voortbestaan tot en met die Wederkoms?*

***Deur ds Jannie du Plessis**,*
*leraar van NG Gemeente Brandfort*



**Foto:** *Ds Jannie du Plessis (verskaf)*

*18* ***"En Ek sê vir jou, jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my kerk bou; en die poorte van Hades sal dit nie oorweldig nie."***

Matteus 16:18 AFR20

In die Ou Testament (Eksodus 16:2-3 en Numeri 14:5) word die Hebreeuse woord vir *kerk* as ***qahal*** in die SEPTUAGENT gebruik. (Hier het Israel as hele ***volksvergadering*** aangekom en met Moses en Aäron getwis.) In die Nuwe Testament (Matteus 16:18) is die woord ***ekklesia*** gebruik. (Hier ontvang Petrus die opdrag om die Evangelie uit te dra.)

> *"Wanneer ons die bogenoemde tema oordink, ontstaan die vraag onwillekeurig:* ***Waar in die Bybel lees ons vir die eerste keer van die begrip 'kerk'?****"*

Na my beskeie mening is die terme ***qahal*** en ***ekklesia***, soos hierbo vermeld, die eerste verwysings na wat ek as *kerk* verstaan. (Beide OT- en NT-navorsers en akademici sou die eerste verwysing na *kerk* verder kan uitbou en verbeter.)

Hierdie vraag bly voortbestaan en sal tot in ewigheid deur vriend en vyand gevra word. Vir sommiges is die bestaan en voortgang van die kerk 'n verwondering, terwyl dit vir die vyande van die kerk, 'n frustrasie en ergenis is! Diegene wat die kerk belaster, verdag maak en vervolg, het reeds eeue gelede uitgevind dat hierdie metode nie die kerk laat 'sterf' nie. Die bloed van gelowige martelare is eintlik die saad van die kerk. Hierdie feit het Saulus van Tarsus ook ervaar. (Handelinge 8-9)

Vele Romeinse keisers het ook hierdie feit aanskou, alhoewel hulle self nie bekeer is nie. Etlike dekades gelede het van die kommunistiese regerings besef dat die kerk nié doodgeskiet of dood regeer kan word nie. In die omgewing waar die Hoof van die kerk gekruisig is, staan 'n kerk wat deur duisende Christen-pelgrims besoek word ...

In China en Noord-Korea waar daar nie godsdiensvryheid is nie, bestaan daar ondergrondse kerke waar Christus aanbid word.

**Lees meer »**



# KONTAK ONS

REDAKSIE

**SAMESTELLERS**

Celicia McLean (Redakteur), **cmclean@ngkvs.co.za**
Carlie Niehaus, **carlie@ngkvs.co.za**

**LUISTER-ARTIKELS**

Mariëtte Odendaal, Mediadiensverskaffer
Revoicer (TTS)

**PROEFLESERS**

Lisma Liebenberg
Cecilia Steynberg
Magdaleen du Toit

# NUUSGEBEURE INLIGTING BYDRAES

**voor 12:00 Dinsdae**
na cmclean@ngkvs.co.za

NG Kerk Vrystaat

Teken in op **VRYPOS**
Kanselleer **VRYPOS**


**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**
**skakel@ngkvs.co.za**

ngkerkvrystaat.co.za

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301
Posbus 11412, Universitas 9321


© 2024 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**

NG Kerk
Vrystaat

**NG KERK VRYSTAAT | © 2024**

Departement
KOMMUNIKASIE EN BEMARKING